

'N DEELSGENITIEF IN AFRIKAANS?

'N OPMERKING VAN 'N HEBRAÏKUS NA

AANLEIDING VAN HANS DU PLESSIS SE

SINTAKSIS VIR EERSTEJAARS


H.F. VAN ROOY

PU VIR CHO

'n Besondere leemte wat in die onderrig van Hebreeuse sintaksis by studente ervaar word, is 'n gebrek aan kennis van die Afrikaanse sintaksis, wat as verwysingsraamwerk en vergelykingsbasis in die onderrig kan dien. Om hierdie leemte te ondervang is vanjaar begin om die boek van Hans du Plessis met die studente te behandel voordat die Hebreeuse sintaksis self aangedurf word. In hierdie proses is daar 'n probleem ervaar ten opsigte van sekere stellings ten opsigte van die voorbepaling in die naamwoordstuk (NS). Hierdie probleem kan goed geïllustreer word deur vergelyking met die Hebreeuse NS en die vertaling daarvan in Afrikaans.

Du Plessis (1982:40) stel dat die voorbepaling 'n opsionele stuk in die NS is en dat dit 'n meerwoordstuk kan wees. As voorbeeld word die volgende NS gebruik: 'n Deel van die regering se twee nuwe planne. Hy dui verder aan dat "planne" die kernnaamwoord van hierdie naamwoordstuk is en "n deel van die regering se twee nuwe" geld as voorbepaling. Die knooppunt NS vertak dus in twee, sodat 'n NS in kernsinne (soos gedefinieer deur Du Plessis 1982:22) uit net twee onmiddellike stukke bestaan. Om die punt waaroor dit in hierdie artikel gaan, duidelik te omskryf, kan dit in 'n ander definisie gestel word: 'n NS in 'n kernsin kan uit drie onmiddellike stukke bestaan, nl. die kernnaamwoord (N), 'n voorbepaling en 'n nabepaling. Toegepas op bogenoemde voorbeeld, is die NS se kernnaamwoord nie "planne" nie, maar "deel". "n" is 'n voorbepaling en "van die regering se twee nuwe planne" 'n nabepaling. Du Plessis (1982:40) se diagram 8 moet dus gewysig word:

1.





In 'n NS moet die kernnaamwoord tog die naamwoord wees waaroor dit "gaan" in die NS. In 'n sin soos "n Deel van die regering se twee nuwe planne is goed" word juis nie gesê dat die regering se planne goed is nie, maar net dat 'n deel daarvan goed is. Die nabepaling wil dan omskryf waarvan is die deel, wat goed is, 'n deel.

Om hierdie punt te illustreer, kan na Hebreeuse voorbeelde en die vertaling daarvan verwys word. Die eerste voorbeeld is in Genesis 47:9. In Hebreeus klink dit soos volg $y^e m\bar{e} \text{ } \acute{s}^e n\bar{e} m^e g\bar{u}r\bar{a}y \text{ } \acute{s}^e l\bar{o}s\bar{f}m \text{ } \acute{s}\bar{a}n\bar{a} \dots w^e l\bar{o} h\bar{i}s\bar{s}\bar{i}g\bar{u} \text{ } \acute{e}t\text{-}y^e m\bar{e} \text{ } \acute{s}^e n\bar{e} h\bar{a}y\bar{y}\bar{e} \text{ } \acute{a}b\bar{o}t\bar{a}y b\bar{i}m\bar{e} m^e g\bar{u}r\bar{e}h\bar{e}m$. Letterlik vertaal is dit: Die dae van die jare van my vreemdelingskap is 30 jaar ... maar hulle (d.i. die dae) het nie die dae van die jare van die lewe van my vaders tydens hulle vreemdelingskap bereik nie. In hierdie sin (eintlik twee newegeskikte sinne in Hebreeus) word twee lang naamwoordstukke aangetref wat in die eerste geval funksioneer as onderwerp in 'n nominale sin en in die tweede geval as voorwerp in 'n verbale sin. Hier geld egter in Hebreeus ook die punt wat Du Plessis (1982:40) ten opsigte van Afrikaans gemaak het: "wat ook al die funksie van 'n NS, die NS se struktuur bly getrou aan dieselfde struktuurformule".


Hierdie twee naamwoordstukke is uitsonderlike voorbeelde van 'n baie algemene Hebreeuse (en inderdaad Semitiese) konstruksie, wat normaalweg die genitiefskonstruksie genoem word. Bybelse Hebreeus self het baie vroeg reeds naamvalsuitgange verloor, maar die funksie van die vroeëre genitief het in hierdie konstruksie behoue gebly. In hierdie konstruksie word twee naamwoorde deur naasmekaarplasing tot 'n eenheid verbind waarin die tweede naamwoord die eerste nader bepaal. Die tipes verhoudings stem tot 'n groot mate ooreen met die gebruik van die genitief in Latyn en Grieks, soos 'n subjektiewe, objektiewe, partitiewe en epeksegetiese genitief. Wat minder dikwels in Hebreeus gebeur, is dat meer as twee naamwoorde so gekoppel word. In Genesis 47:9 word in die eerste geval drie en in die tweede geval vier selfstandige naamwoorde so verbind. In die Afrikaanse vertaling lyk dit inderdaad na een woord meer in elke geval: dae, jare, my, vreemdelingskap en dae, jare, lewe, my, vaders. Dit is so omdat die Hebreeus nie 'n selfstandige besitlike voornaamwoord (soos "my") besit nie, maar hierdie verhouding uitdruk deur 'n voornaamwoordelike suffiks (aan "vreemdelingskap" in die eerste geval en "vaders" in die tweede). Die verhouding wat deur die verbinding uitgedruk word is in al die gevalle gelyk aan die subjektiewe genitief van Latyn en Grieks. Hierdie verhouding word in Afrikaans deur "van" of "se" uitgedruk. Benewens die letterlike vertaling, met "van" deurgaans, wat bo gegee is, is ander vertalingsmoontlikhede ook beskikbaar, soos: my vreemdelingskapsjare se tydsverloop, die tydsverloop van my vreemdelingskap se jare, die tydsverloop van die lewensjare van my vaders, die tydsverloop van my vaders se lewens se jare, my vaders se lewens se jare se tydsverloop, ens. Hier sal volstaan word met 'n bespreking van die gevalle waar daar in die vertaling vir elke Hebreeuse woord 'n woord in Afrikaans gebruik word, waardeur "lewensjare" byvoorbeeld uitgeskakel word.

Die twee Hebreeuse naamwoordstukke se struktuur kan wel met behulp van 'n boomdiagram geïllustreer word. Hierby moet in gedagte gehou word dat in 'n Hebreeuse genitiefskonstruksie die kernnaamwoord van die NS altyd eerste staan, sodat die bepalende naamwoord altyd as 'n nabepaling funksioneer.




Indien die letterlike vertaling in Afrikaans op dieselfde wyse geanaliseer word, word 'n soortgelyke diagram gekry, met kleiner en groter verskille. Die eerste verskil is dat in die Afrikaanse ontleding ruimte gegee moet word vir die bepaalde lidwoord. In die Hebreeus word die bepaaldheid van die hele ketting gekwalifiseer deur die besittlike voornaamwoordelike suffiks aan die

laaste woord in die ketting. Hierdie is 'n belangrike verskil, omdat hier in die Afrikaans 'n Vbp. aangetref word, wat die Hebreeuse NS nie het nie. Die tweede verskil is dat in die Afrikaanse ruimte gemaak moet word vir "van", wat die verhouding uitdruk wat in Hebreeus bloot deur naasmekeerplasing gedoen word. In die Hebreeus word die naasmekeerplasing aangedui deur morfologiese veranderinge aan die nie-laaste woorde in so 'n ketting. Die derde verskil is die besittlike voornaamwoord wat in Afrikaans selfstandig is en wat in Hebreeus deur 'n suffiks weegegee word.




5.




Die belangrike saak vir die punt waaroor dit in hierdie artikel gaan, is dit in die diagramme van die Hebreeuse naamwoordstukke en die Afrikaanse naamwoordstukke die "dae" (y^emē in Hebreeus) direk knoop aan NS en dus die kernnaamwoord van die NS is.

As kontrole kan soortgelyke diagramme gemaak word van ander vertalings van dieselfde twee Hebreeuse naamwoordstukke

6. Die jare van my vreemdelingskap se tydsverloop



Uit hierdie diagram kan duidelik gesien word dat wanneer "se" as genitiefs=partikel funksioneer, dit 'n Nbp in 'n Vbp is en dat wanneer "van" as genitiefs=partikel funksioneer, dit 'n Vbp in 'n Nbp is. Steeds bly "tydsverloop" die kernnaamwoord binne NS₁.




Hier word "se" deurgaans as genitiefspartikel gebruik, met die gevolg dat dit telkens 'n Nbp is in 'n groter Vbp.

Wat duidelik blyk uit al hierdie diagramme is dat "tydsverloop" steeds die kernnaamwoord van die naamwoordstuk bly of die genitiefskonstruksie nou met "se" in voorbepalings of "van" in nabepalings gekonstrueer word. Dit behoort ook logies so te wees, want in die twee Hebreeuse sinne aangehaal, is tydsverloop steeds die kern van die onderwerp van die nominale sin en die kern van die voorwerp van die verbale sin.

Hierdie voorbeelde wat aangehaal en bespreek is, het almal te doen met subjektiewe genitiefskonstruksies. Die NS "h deel van die regering se twee nuwe planne" moet egter daarenteen vergelyk word met spesifiek die partitiewe genitiefskonstruksie (deelsgenitiefskonstruksie). In sy bespreking van deelkonstruksies dui Ponelis (1979:136,137) vier soorte deelaanduiders

in Afrikaans aan, naamlik onbepaalde hooftelwoorde en getalsaanduidende substantiefstukke, oortreffende trappe van adjektiewe, kwantorvoornaamwoorde en substantiefstukke wat breuke, persentasies of dele aandui. In die partitiewe genitiefskonstruksies in Hebreeus kom alhier die groepe ook voor, met steeds dieselfde konstruksie as die ander genitiefskonstruksies in Hebreeus, naamlik:


8.



Enkele voorbeelde hiervan is $m^{ec}at\ mayim$ (h bietjie van die water), $kol\ b^{e}n\bar{e}\ yisr\bar{a}^{\prime}el$ (elkeen van die kinders van Israel), $\bar{b}^{\prime}a\ \bar{s}\bar{t}\ \bar{c}am\ yisr\bar{a}^{\prime}el$ (die helfte van die volk Israel), $q^{e}t\bar{o}n\ \bar{b}\bar{a}n\bar{a}w$ (Die jongste van sy seuns). In al hierdie gevalle is die deelaanduiders die kernnaamwoord en die groter versameling 'n deelsgenitief. Dieselfde konstruksie kan in Latyn voor, byvoorbeeld $pars\ hominum$ (h deel van die mense), waar $hominum$ 'n deelsgenitief is en $pars$ die kernnaamwoord van die NS is. Latyn het natuurlik verskillende naamvalle. $Pars$ se naamval sal bepaal word deur die funksie van die NS in 'n sin terwyl $hominum$ in elke geval 'n genitief sal bly. Ook in Grieks kom hierdie konstruksie op dieselfde wyse voor, byvoorbeeld $polloi\ Samaritonon$ (baie van die Samaritane). Hier geld dieselfde opmerking ten opsigte van die naamvalle as in die geval van Latyn. In Arabies, wat in sy klassieke vorm ook naamvalsuitgange het, kom presies dieselfde konstruksie voor, byvoorbeeld $qit\ \bar{c}atu\ lahmin$, h stukkie van die vleis. Hier is die kernnaamwoord ($qit\ \bar{c}atu$) in die nominatief, maar dit sou ook in die akkusatief of genitief kon wees afhangende van die funksie van die NS in 'n sin. $lahmin$ sal steeds in die genitief bly as die groter versameling.

Teen hierdie agtergrond kan sommige van Du Plessis se voorbeelde van voorbepalings heroorweeg word. Daar is reeds verwys na sy voorbeeld "h Deel van die regering se twee nuwe planne." In die lig van die bespreking, sal die stukbeeld soos volg daar uitsien:

9.




Hieruit is dit duidelik dat "deel" die kernnaamwoord van die NS is.

h Reeks voorbeelde waarin Du Plessis (1982:49) die struktuur van die NS bestaande uit Vbp en N wil aantoon, illustreer die verwarring ten opsigte van die voorbepaling. Dit is sinvol om die hele lys volledig aan te haal:

Die	dames
Die twee	dames
Die twee nuwe	dames
Die twee nuwe mooi	dames
Die eerste twee nuwe mooi	dames
Een van die eerste twee nuwe mooi	dames
VOORBEPALING	N


In hierdie lys word daarvan uitgegaan dat "dames" deurgaans die kernnaamwoord van die NS is, met die res as voorbepaling. Dit is wel waar ten opsigte van die eerste vyf voorbeelde, maar nie ten opsigte van die laaste een nie. In die eerste vyf gaan dit oor sekere dames (meervoud), wat dan nader bepaal word deur die voorbepaling. In die laaste een gaan dit juis nie oor dames nie, maar net oor een dame. Die NS sou byvoorbeeld herskryf kon word as "Een dame van die eerste twee mooi dames." Die "een" of "een dame" is die kern van die NS en "van die eerste twee nuwe mooi dames" 'n Nbp, wat as geheel 'n deelsgenitief is. Die eerste vyf voorbeelde dus voldoen aan die basiese skema:

10.



Die laaste voorbeeld het egter die skema:


11.



In die lig hiervan is van die voorbeelde van pre-determineerders wat Du Plessis (1982:55) gee, nie korrek nie. In "n groep van die spelers" is "n groep van" nie 'n predetermineerder nie. "Groep" is die kernnaamwoord en "van die spelers" 'n nabepaling. Dieselfde geld "twee van die spelers." Dit kan selfs bevrage teken word of "van" in "van die spelers" 'n predetermineerder is. In 'n deelsgenitiewe uitdrukking soos "van die spelers" het die kernnaamwoord (iets soos "n deel", "n groep" of "sommige") deur transformasie verlore gegaan en sou dit in 'n moontlike diepte-struktuurontleding aangetoon kan word.


Du Plessis (1982:56) ontleed die NS "n deel van hierdie boeke" soos volg:

12.



Hiervolgens is "boeke" die kernnaamwoord van hierdie NS. Dit gaan egter nie oor die boeke nie, maar net oor 'n deel daarvan. Die NS moet dus anders voorgestel word:


13.




In hierdie geval sal die Nbp vergelyk kan word met die deelsgenitief van die Klassieke tale. Dit kan inderdaad belangrik wees om verdere aandag te gee aan die gebruik van "van" as 'n genitiefspartikel in Afrikaans. In die Klassieke tale is daar verskillende gebruike van die genitief wat hierop lig kan werp. Die voorbeelde waarna reeds verwys is in Afrikaans het te doen met subjektiewe en partitiewe genitiewe. In Hebreeus bestaan alle genitiefskonstruksies waar twee woorde verbind word uit N + Nbp, of die konstruksie nou die waarde het van 'n subjektiewe, objektiewe of partitiewe genitief. In Afrikaans word vir die subjektiewe genitief of die verbinding met "se" of met "van" gebruik. Vir 'n deelsgenitief word net die verbinding met "van" gebruik. Vir 'n objektiewe genitief- soos die Hebreeuse yir²at yahwê (die vrees van die Here, die vrees vir die Here, soos dikwels in die ou Afrikaanse vertaling in Spreuke) - wat in Afrikaans nie volop is nie, kan "van" of "se" ook gebruik word en heel dikwels ook "vir". Vir laasgenoemde kan verwys word na die toenemende gebruik van "vir" vir die aanduiding van die voorwerp van 'n werkwoord, soos in "ons sien vir hulle". Sou 'n mens inderdaad kon sê dat "vir" in 'n konstruksie soos "die vrees vir die Here" ook as genitiefspartikel (vir 'n objektiewe genitief) dien?

Verwarring ten opsigte van konstruksies met "van" word ook by Ponelis (1979) aangetref. So word in sy skema van die substantiefgroep (1979:122) op twee plekke konstruksies met "van" aangetref. In "haar derde mislukte poging van verlede week" is "van verlede week" 'n nabepaling. In "n paar van haar waardige tantes" is "n paar van" 'n predetermineerder en dan 'n deelbepaling (1979:123). In die eerste geval is dit duidelik dat "pogings" die kernnaamwoord is, byvoorbeeld in 'n sin soos "Haar derde mislukte poging van verlede week het amper geslaag." In die tweede geval gaan dit nie oor die tantes nie, maar oor 'n paar van die tantes, byvoorbeeld in 'n sin soos "n paar van haar waardige tantes leef nog". "n Paar van" is nie 'n deelbepaling nie. Eerder is "van haar waardige tantes" 'n deelsgenitiewe nabepaling. Daarteenoor is "van verlede week" 'n subjektiewe genitiefsnabepaling, waardeur byvoorbeeld die derde poging van verlede week onderskei kan word van die derde poging van hierdie week.

In sy behandeling van deelkonstruksies gee Ponelis (1979:136) die volgende struktuur aan vir sodanige konstruksies, wat bestaan uit deelaanduider + deelpartikel + naamwoordstuk:



Wanneer egter begryp word dat dit hier gaan om 'n deelsgenitiewe konstruksie, lyk die diagram anders:



In 'n NS soos "van die verhale" (Ponelis 1979:137) moet dan veronderstel word dat die eintlike N weggeval het, wat een of ander deelaanduider moet wees, soos "sommige", "n paar", "baie" of iets soortgelyks. Die onderliggende reeks wat dan geponeer moet word, is nie "verhale van die verhale" nie (Ponelis 1979:138), maar "sommige (verhale) van die verhale" - 'n reeks wat wel bo verdenking is. Ponelis (1979:138, 139) meen egter dat so 'n reeks nie herwin kan word ten opsigte van 'n naamwoordstuk soos "een van Piet-hulle" nie. Dit is wel moontlik, byvoorbeeld "een persoon van Piet-hulle", of in alledaags Afrikaans "een ou van Piet-hulle."

Daar moet dus duidelik daarop gelet word dat "van" nie maar altyd as 'n voorsetsel hanteer kan word nie. In frases soos "die tas van hierdie arme kêrel", "die spore van die kar", "die kleinneef van jou oom" en "die uitsending van gister" (Ponelis 1979:151) is dit 'n genitiefspartikel. Ponelis beskou hierdie konstruksie wel as 'n nabepaling, wat dit inderdaad is ook wanneer die nabepaling as 'n genitiefskonstruksie verstaan word op dieselfde wyse as die deelsgenitiewe konstruksie waarna breedvoerig verwys is. As in "die tas van hierdie kêrel" "die tas" die kernnaamwoord is, moet "n deel" dit ook wees in 'n NS soos "n deel van die regering se planne".

Dit is nie juis om "van" altyd as 'n voorsetsel te hanteer nie. In 'n NS soos "die verslegting van betrekkings" (Ponelis 1979:488) is dit eerder 'n deel van 'n genitiefsnabepaling, en spesifiek 'n subjektiewe genitiefsbepaling.

In 'n NS soos "die omkoop van amptenare deur Lockheed" (Ponelis 1979:489) is dit weer deel van 'n genitiefsnabepaling, maar in hierdie geval 'n objektiewe genitiefsbepaling. Hierby kan dan nog die deelsgenitiewe nabepaling gevoeg word, waaraan breedvoerig aandag gegee is. "Van" is wel deel van 'n voorsetselgroep in tyd- of plekaanduidende bepalings soos in "Hy kom van Johannesburg" of "Hy bly hier van vandag tot môre". Hier dui "van" op veral die beginpunt van 'n beweging of 'n tydperk. Wanneer 'n van-nabepaling op tyd dui (bv. in "die uitsending van gister") dui dit op die spesifieke tydstip of periode toe iets plaasgevind het. In hierdie geval is dit dus ook 'n genitiefsbepaling en kan dit ook as 'n subjektiewe genitiefsbepaling of 'n besitsgenitiewe genitiefsbepaling beskou word.

BIBLIOGRAFIE

- Du Plessis, Hans. 1982. Sintaksis vir eerstejaars. Pretoria: Academica.
 Ponelis, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria: J.L. van Schaik.